Naam en van: ____________________________________

# Graad 7 Afrikaans
# Eerste Addisionele Taal

**November Taalassessering**

| |
|---|
| ________ |
| **50** |

| |
|---|
| ________ % |

- Alle vrae moet op die vraestel beantwoord word.
- Werk netjies en duidelik.

**Sterkte!**

Afd. A: ____ / 25

Afd. B: ____ / 15

Afd. C: ____ / 10

## AFDELING A Sinsleer

### Vraag 1: Lydend en bedrywend

**1.1. Omkring/onderstreep** die korrekte **bedrywende vorm** van die onderstaande sin: (1)

| Boere se landerye word gereeld deur olifante verwoes. |
|---|

a. Landerye se boere word gereeld deur olifante verwoes.

b. Olifante se landerye word gereeld deur boere verwoes.

c. Olifante verwoes gereeld boere se landerye.

d. Olifante het gereeld boere se landerye verwoes.

e. Olifante word gereeld deur boere in landerye verwoes.

**1.2. Omkring/onderstreep** die korrekte **lydende vorm** van die onderstaande sin: (1)

| King het boere gehelp om heinings met byekorwe op te rig. |
|---|

a. Heinings is deur boere gehelp om byekorwe vir King op te rig.

b. Byekorwe het King gehelp om vir boere heinings op te rig.

c. Boere word deur King gehelp om heinings met byekorwe op te rig.

d. Boere is deur King gehelp om heinings met byekorwe op te rig.

e. Boere sal deur King gehelp word om heinings met byekorwe op te rig.


twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

1.3. Skryf die onderstaande sin oor in die **lydende vorm**: (1)

Die boere verkoop die heuning.

______________________________

______________________________

1.4. Skryf die onderstaande sin oor in die **bedrywende vorm**: (1)

Olifante is gereeld deur die bye gesteek.

______________________________

______________________________

## Vraag 2: Sinsontleding

**Ontleed** die volgende sinne:

2.1. Olifante vermy die akasiabome. ($1\frac{1}{2}$)

Gesegde: ______________________________

Onderwerp: ______________________________

Voorwerp: ______________________________

2.2. 'n Olifantbul breek die byekorfheining. ($1\frac{1}{2}$)

Gesegde: ______________________________

Onderwerp: ______________________________

Voorwerp: ______________________________

2.3. Die olifante het die landerye vertrap. (2)

Gesegde: ______________________________

Onderwerp: ______________________________

Voorwerp: die landerye



twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

## Vraag 3: Sinstipes

Bestudeer die onderstaande **spotprent**. Identifiseer die volgende sinne as **stelsinne, bevelsinne, vraagsinne of uitroepsinne**:




3.1. Die pappa olifant se woorde: ______________________ (1)

3.2. Die baba olifant se woorde: ______________________ (1)

3.3. Die mense se woorde: ______________________ (1)

3.4. Skryf jou eie uitroepsin om die mense se gevoel te beskryf nadat die olifante die landerye vertrap het. (1)

______________________

## Vraag 4: Sinsuitbreiding en sinsreduksie

**4.1. Brei** die onderstaande sin **uit** met 'n **bywoord van tyd**.

**Onderstreep/omkring** jou bywoord. (1)

| Lucy King vra boere om haar plan te toets. |
|---|

______________________

**4.2. Brei** die onderstaande sin **uit** met 'n **byvoeglike naamwoord**.

**Onderstreep/omkring** jou byvoeglike naamwoord. (1)

| Olifante hou meer van boere se gewasse as van akasiablare. |
|---|

______________________


LIVEWORKSHEETS

**4.3. Reduseer** die volgende sinne deur net **een woord** vir die beskrywing in hakies te gee. Gebruik die woorde in die woordblok om jou te help: (4)

Lucy King is 'n **4.3.1 (kenner van insekte)** ____________________ wat weet hoe om die olifantbul wat 'n **4.3.2 (voorbok, leier veral in kwaaddoen)** ____________________ is deur middel van bye uit die boere se **4.3.3 (mielies, spinasie en pampoen)** __________________ te hou. 'n **4.3.4 (Persoon wat deur arbeid in die lewensbehoeftes van sy gesin voorsien)** ____________________ kan nou meer geld verdien deur die heuning uit sy byekorfheinings te verkoop.

**Vraag 5: Ontkenning**

Skryf die volgende sinne oor in die **ontkennende vorm**:

5.1. Het die olifante ooit weer die landerye vertrap? (2)

______________________________________________

______________________________________________

5.1. Almal het altyd geweet dat Lucy King se byekorfheinings die oplossing vir die probleem is. (2)

______________________________________________

______________________________________________

5.1. Hou asseblief die olifante uit die landerye! (1)

______________________________________________

______________________________________________

5.1. Olifante luister. (1)

______________________________________________

______________________________________________

**Subtotaal: 25**



LIVEWORKSHEETS

## AFDELING B | Woordeskat, betekenisleer en afkortings

### Vraag 1: Woordeskat en betekenisleer

Terwyl die olifant rustig in die veld **wei**, het 'n swerm bye hom begin **steek**. Hy het sy aandag dadelik op 'n veilige plek ge**wy** om te ontsnap. Hy het begin hardloop en kon die bye verby**steek**.

**1.1. Onderstreep/omkring** die regte antwoord: (2)

Die woord **steek** kom twee keer in die boonste paragraaf voor. Hoewel dit dieselfde gespel en uitgespreek word, het dit twee verskillende betekenisse. Daarom is dit **1.1.1 homofone/homonieme**. Die woord **wei** en die woord **wy** kom ook in die paragraaf voor en word dieselfde uitgespreek, maar het verskillende spelling en betekenisse. Daarom is dit **1.1.2 homofone/homonieme**.

**1.2. Onderstreep/omkring** die korrekte antwoorde in die onderstaande paragraaf: (5)

Die **1.2.1 skare/trop/groep** olifante **1.2.2 toeter/blaas/trompetter** van ontsteltenis toe hulle die **1.2.3 swerm/korf/nes** bye by die heining hoor. Die **1.2.4 olifantwyfie/olifantooi/olifantkoei** sit haar slurp om haar **1.2.5 vulletjie/kalfie/lammetjie** en lei hom vinnig weg voordat die bye op hom kan toesak.

1.3. Voltooi die tabel deur **sinonieme** vir die volgende woorde te gee. (3)

| WOORD | SINONIEM |
|---|---|
| vernietig | 1.3.1 |
| pragtig | 1.3.2 |
| uniek | 1.3.3 |

1.4. Voltooi die tabel deur **antonieme** vir die volgende woorde te gee: (3)

| WOORD | ANTONIEM |
|---|---|
| uniek | 1.4.1 |
| vernietig | 1.4.2 |
| pragtig | 1.4.3 |



twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

### Vraag 2: Afkortings

Gee die korrekte **afkorting** vir die woorde in hakies: (2)

2.1. Olifante in Kenia word deesdae uit boere se landerye gehou **2.1.1 (deur middel van)** ___________________ byekorfheinings. Dit volg nadat Lucy King, 'n **2.1.2 (professor)** ___________________, bewys het dat olifante bang is virbye.

**Subtotaal: 15**

## AFDELING C Woordvorming en woordsoorte

### Vraag 1: Woordvorming

1.1. Voeg 'n **agtervoegsel** by die woord **ivoorhandel** om die **persoonsnaam** te gee van iemand wat met ivoor handel dryf: (1)

___________________________________________

1.2. Wat is die funksie van die agtervoegsel –e in die woord landerye in paragraaf 2? (1)

___________________________________________

1.3. Wat word die -s- in die woord bestaansboere genoem? (1)

___________________________________________

### Vraag 2: Woordsoorte

2.1. Pas kolom C by kolom A. Vul slegs die korrekte letter by kolom B in. (4)

| KOLOM A | KOLOM B | KOLOM C |
|---|---|---|
| Verenigde Nasies | 2.1.1 | a. Voegwoord |
| Daarom | 2.1.2 | b. Persoonlike voornaamwoord |
| tientalle | 2.1.3 | c. Onbepaalde hooftelwoord |
| vir | 2.1.4 | d. Eienaam |
| | | e. Soortnaam |
| | | f. Voorsetsel |

2.2. Onderstreep/omkring die drie vrae wat jou kan help om bywoorde in sinne te identifiseer: (3)

Wie? Wanneer? Hoe? Hoekom? Wat? Waar? Waarom?

**Subtotaal: 10**

**GROOTTOTAAL: 50**



visit twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS